RSA-MIL-PRAC-190-2

DIE KWALIFIKASIE VAN STELSELS: PRAKTYK VIR

DOEL EN BESTEK

Die doel met hierdie dokument is om 'n standaard lys daar te stel van aspekte wat tydens proseskwalifikasie aangespreek moet word. Hierdie lys kan met vrug gebruik word as kontrolelys in die voltooiing van proseskwalifikasie en die beoordeling van die status van proseskwalifikasie by die afsluiting van die industrialisasiefase.

Alhoewel hierdie praktyk 'n redelik omvattende lys van sake van belang by proseskwalifikasie aanspreek, is dit nie die bedoeling om alle besonderhede in detail uiteen te sit of voorskriftelik te wees nie. Die dokument kan bydra tot die vestiging van 'n gemeenskaplike standaard en gevolglik verbetering van koste-effektiwiteit en kommunikasie tussen programbestuur en kontrakteurs. Die dokument kan ook benut word as verwysingsdokument by kontraktering volgens K-STD-61.

Kwalifikasie moet as subproses van die breë aanskaffingsproses binne die riglyne van VB 1000 en KB 1000 gedoen word, volgens die basislynstandaarde in RSA-MIL-STD-3. MIL-STD-1521B kan as riglyn vir die hersieningsprosesse benut word.